Die grootste probleem van jongmense

There is no sin that exists that is more powerful than the grace that is to be found in the person and work of the Lord Jesus Christ. –Paul Tripp

Die grootste probleem van jongmense

I have seen more young people ruined by pride than perhaps by any other lust whatsoever – Matthew Henry in *Sober-Mindedness Pressed Upon Young People.* In sy boekie maak hy veral van twee verse gebruik:

- *Net so moet jy die jonger mans vermaan om hulle verstandig te gedra* (Titus 2:6).
- *Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het* (Romeine 12:3)

Hoe doen ons dit? Henry sê dat ons so min van wat ons bereik het, moet maak soos meeste mense van hulle foute maak. Ons moet eerder ander se prestasies besing en min maak van hulle foute.

As Henry en nie Mark Zuckerberg Facebook ontwerp het, sou ons ons status opgedateer het ten opsigte van ons foute, mislukkings en slegte dae. Ons sou foto's van ander mense se oorwinnings, prestasies en suksesse geplaas het.

Henry sien nie nederigheid as ‘n doel in sigself nie, maar as ‘n weg na ‘n ander wonderlike einde: Voortdurende afhanklikheid van Christus en sy genade waarsonder ons niks sal wees nie.